10 Oktober Lukas 15:11-32

Jesus soek nie jou teenwoordigheid nie, maar jou hart

In die kerk vind ons baie lidmate op die agtergrond. Hulle is maar altyd daar: Bydrae op datum, werksaam in stilte, sonder drama, sonder ophef. Sonder dat iemand hulle raaksien... Wat gaan in hulle harte aan?

Die oudste seun in die gelykenis is só op die agtergrond. Hy word aanvanklik slegs terloops vermeld. Al die drama, al die aandag is op sy jong broer. Selfs toe sy broer weg was, het dit steeds gevoel asof hy sy vader se gedagtes vul. En dit het die oudste seun gebelg. Dit het sy hart opstandig gemaak, vol afguns. Daarom bars die verwyte oor sy lippe: Geweeg teenoor sy eie getrouheid, sy eie slaafse gehoorsaamheid, verdien sy broer niks!

Jesus toon hiermee aan ons die hartsgesindheid van die oudste broer. Al was hy op die oog af altyd in die ouerhuis, altyd aan die werk, was daar in sy hart net selfliefde. En daarom geen plek vir liefde tot sy broer nie. Selfs nie ware liefde vir sy vader nie. Net verwyt. Hierdie seun is dus die eintlike verlore seun.

Hoe maklik kan die kerkmens homself nie ook misgis nie. Altyd teenwoordig, altyd daar, maar met 'n hart ver van God af. Dus steeds verlore.

Nou eindig die verhaaltjie stomp. Ons weet nie of hierdie seun tot inkeer kom nie. Jesus los ons dus met die appèl om self die einde te skryf . Om self seker te maak dat meer as my liggaam in die kerk sit. Dat my hart waarlik by God is.

Sing: Psalm 25:2 Ds. D. Pansegrouw (Burgersdorp)